

16
Oktober

NG Gemeente
Kogelberg

2026

Eerste Gelui

NUUS VANUIT DIE GEMEENTE



Sondag 18 Oktober

Heinrich Carstens & Stephan Naudé

09:00 Kleinmondkerk, Vierde Laan 67

Matteus 22:15-22

LIG | DEERNIS | HOOP



Floreer

omdat ons aan Hom behoort

Gesamentlike Verjaardagfeesdiens
NG Kogelberg @ Kleinmondkerk



Matteus 22:15-22

18 Oktober 2026

09:00

Vierdelaan 67, Kleinmond

Stephan & Heinrich



So kan jy 'n finansiële bydrae maak tot ons gemeente se bedieninge:

Bankbesonderhede
ABSA
NG Kerk Kleinmond
3220 150 320



SnapScan



Kleinmondkerk se erediens
word op ons YouTube-kanaal
uitgesaai.

YouTube



<https://www.youtube.com/@NGKerkKleinmond>

Gemeente ♡ VERJAARSDAGFEES

Jy is hartlik uitgenooi!



Sondag
18 Oktober 2026



09:00

Slegs een
gesamentlike diens



Kleinmondkerk



NAGMAAL



BEVESTIGING

van nuwe
Ouderlinge



KOSINSAMELING

Bring asseblief
nie-bederfbare kositems
vir Caritas se koskas.



Geloof ♡ Gemeenskap ♡ Omgee

Kosinsameling Tydens Nagmaal



Bring asseblief tydens Nagmaal op 18 Oktober nie-bederfbare produkte vir ons kaskas. Inkopielysies is by die deure beskikbaar



Barmhartigheidsbediening



Barmhartigheidsbediening

SPEZIALE KOSINSAMELING

BRING SAAM MET

NAGMAAL 18 OKTOBER

Produkte wat benodig word:

- *Blikkies Tuna*
- *Bully Beef*
- *Langlewemelk 1 liter*
- *Ricoffy 250g*
- *Suiker 1kg*
- *Weetbix 450g*
- *Mayonnaise*
- *Langlewevla 1 liter*
- *Aanmaakkoeldrank*
- *Lekkers/koekies*

BAIE DANKIE VIR ELKE BYDRAE

Deuroffers



Deuroffers op 18 Oktober

Gaan vir ons gemeente se
Erediensbediening!



Deuroffers op
25 Oktober gaan
vir ons gemeente se
Gemeentebediening



Program vir die week 18-24 Oktober 2026

Sondag 18 Oktober

17:00 Kogelberg Kids (Kerksaal)

Maandag 19 Oktober

11:30 Preekwerksgroep (Kapel)

Dinsdag 20 Oktober

09:00 Hangklip Gebedsgroep

11:00 Gerimed Gebedsgroep

16:30 Kleinmond Gebedsgroep

17:00 Finansies (Kapel)

Woensdag 21 Oktober

09:00 Kerkraad (Hangklipkerk)

17:00 Dissipelskap Reisgenote
(Hangklipkerk)

18:00 Rusplek (Kapel)

18:30 Dissipelskap Reisgenote
(Kleinmondkerk)

Donderdag 22 Oktober

06:00 Hangklip Mannegroep

06:30 Kogelberg Mannegroep

10:00 Naaldekokers

Vrouebybelstudie

Sb4

Dinsdag 20 Okt @ 10:15

Kapel

Vrouebybelstudie

PM 1, 2, 4 & 5

Donderdag 22 Okt

Daphné Loots

Alheit str.33



Kogelberg Kids



18 Oktober 2026



17:00



Kerksaal

Behoort | Bid | Leer | Dien

As jy Sondag (18 Oktober) van
17:00 - 18:00 wil saam bid
met die oog op die verkiesing
is jy welkom om by
Ds Hendrik Saayman se huis
(Kusweg 40, Kleinmond)
aan te sluit.



thank you

Koffiebottels

Baie dankie vir al die koffiebottels!

Ons het genoeg vir die res van die jaar.

Ons sal eers weer in Januarie
plek hê vir nog koffiebottels.

Gebed met die oog op die verkiesing

Dit is nou net so oor die twee weke dan vind hierdie allerbelangrikste verkiesing plaas. Die Bybel roep ons op om te bid vir die wat regeer en gesag uit oefen. 1Tim 2: 1-2 1 “Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebed moet word vir alle mense, 2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.”

Dit sal natuurlik soveel makliker wees om vir hulle te bid as die regte mense in die regte posisies beland. En dit is hoekom dit so belangrik is dat ons moet volhard in gebed.

Gebedspunte vir die week:

- Bid steeds vir die verkiesingskommissie vir eerlikheid, deursigtigheid en regverdigheid. Asook vir hulle beskerming
- Dat geen geweld, protesoptredes, intimidasie of wanorde die verkiesing sal ontwig nie.
- Vir die beskerming van elke kandidaat. In die besonder die hoë profiel kandidate.
- Bid dat die stembriewe van waar dit gedruk word tot waar dit getel word met integriteit hanteer sal word. Dat daar geen bedrog rondom dit sal plaasvind nie.
- Dat God se wil sal geskied en Sy Koninkryk kom.

Julle word weer genooi om Sondagmiddag van 17:00 – 18:00 saam te kom bid by ons huis, Kusweg 40.

Groete

Hendrik Saayman

Gebed...



Gebedsopname

Oktober 2026 • Die gemeente tendense



NG GEMEENTE KOGBELBERG
ROOIELSPRINGLEBAAI | HANGKLP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA



Gebed is persoonlik

Gebed is n gesprek met
God wat nabyheid bring.



Privaat vs Saam

Baie ervaar ongemak met
hardop gebed in groepe.



Onderlinge omgee

Mense bid veral tydens
krisisse, en vir ander in nood.



Groeigeleentheid

Skep veilige ruimtes.

Lidmate wat voorbidding
nodig het...

Susan Reynolds (KB3)
Denice de Jager (Sc2)
Susan Grobler (Sb4)



Ons Gebedsgroep

doen elke Dinsdag voorbidding vir die gemeente en gemeenskap



Hangklip om 09:00

Gerimed om 11:00

Kleinmond om 16:30

Finansies

Dinsdag 20 Oktober

om 17:00

TYD-kuieruimte



Kerkraad

Woensdag 21 Oktober om 09:00

Kuieruimte (Hangklipkerk)





Dissipelskap Reisgenote

Woensdae

17:00@ Hangklipkerk

18:30 @ Kleinmondkerk

Het jy 'n behoefte om net stil te word in die teenwoordigheid van die Here?
Eerskomende Woensdag (21 Oktober) om 18:00 begelei ds Jan Morsen
ons Rusplek-geleentheid by Kleinmondkerk.



 Rusplek

Mannebediening

Hangklip Mannegroep
Donderdae om 06:00

Skakel vir Sedrick by
082 827 6074




vir meer inligting



Kogelberg Mannegroep

Donderdae

06:30 @ Kleinmondkerk



INTREKKERS

NUWE

welkom

by ons in die NG Gemeente Kogelberg.

Kom maak asseblief 'n draai by die kerkkantoor of gee jou kontakbesonderhede vir een van ons dienswerkers of wyksouderlinge. Ons sal jou graag wil besoek!

KERKKANTOOR *ure*

Maandag - Vrydag

10:00 - 13:00



DRAERS VAN | VERSKILMAKERS MET | AMBASSADEURS VAN

LIG | DEERNIS | HOOP

NG GEMEENTE KOGELBERG

ROOIELS | PRINGLEBAAI | HANGKLIP | BETTYSBAAI | KLEINMOND | ARABELLA

Gemeentelike Gesondheidsverslag 2026

Saamgestel einde Junie 2026

Totale jaarlikse uitgawes

R5 315 295

Besteding aan sinodale en spesiale deuroffers

R186 247


Gemeentelike Dienswerk Besteding¹

R641 612

Surplus tot einde Junie 2026


R277 961

Belegging in die gemeenskap



- Besteding aan sinodale en spesiale deuroffers (3,5%)
- Gemeentelike Dienswerk Besteding¹ (12,1%)
- Ander uitgawes

Erediensbywoning (gemiddeld)




Bywoningstabel per bedieningspunt

Bedieningspunt	2024	2025	2026
Kleinmond	±136	±211	±207
Kuierkerk	±183	±142	±100
Hangklip	±143	±126	±127
Kogelpark	±20	±11	±16
Totale gemiddeld	±482	±490	±450

Finansiële posisie (einde Junie 2026)

Item	Bedrag
Totale bates	R10,15 miljoen
Netto bates	R8,73 miljoen
Verband (verminder)	R940 818
Uitstaande sinodale aanslag (afgeneem)	R360 304
Surplus	R277 961

Inkomste teenoor begroting (Maart–Junie 2026)



¹ Gemeentelike Dienswerk sluit in: Diens van Barmhartigheid, Plaaslike Diens van Barmhartigheid, Gemeenskapsprojekte, Fynbos Dienssentrum, Kinder- en Jeugsorg, VGK Kleinmond, Ringprojekte, Getuienisprojekte en ander eksterne bedieninge.

Jy is uitgenooi na die Feesmaal!

Erediensgangers by die Hangklipkerk is verlede Sondag (11 Oktober) begroet met 'n gedekte feestafel reg voor die kansel. Dit het die tema van die preek, wat deur ds. Hendrik Saayman gelewer is, uitgebeeld: “‘Save the Date’ / Jy is uitgenooi na die bruilofsmaaltyd van die Lam”.

Die bekende teksgedeelte waar die gelykenis opgeteken is, is by Matteus 22 verse 1 tot 14.

Die boodskap het 'n mens weereens intens daaraan herinner dat jy die uitnodiging na die Bruilofsfees onvoorwaardelik moet aanvaar, en dat jy nie sonder 'n bruilofskleed toegelaat sal word nie! Die keuse is joune... Wessel Beeselaar van FCE (Foundation for Cross-cultural Education), wat buite Pringlebaai gebaseer is, het ook by die erediens terugvoer gegee oor die geseënde onlangse uitreik na die Morgenster-sending in Zimbabwe. 'n Handjievol mans het per bus soontoe gereis en het onder meer talle stoele herstel wat onbruikbaar stukkend was.

Wessel het ook 'n brief voorgelees van 'n pastoor wat deel was van 'n gesamentlike vleisbraaigeleentheid waar bande oor-en-weer gesmee is, en waar die onderskeie kulture gesellig saamgekuier het. Hy skryf met groot waardering daaroor.



Ds. Hendrik Saayman en die feestafel



Wessel Beeselaar van FCE vertel van die geseënde onlangse uitreik na Zimbabwe.

Die Stoomskip en die Valiant

Donderdagoggend, tydens ons Mannebyeenkoms by die Hangklipkerk, het ons 'n verhaal gehoor wat jare lank in die stilte gedra is, 'n verhaal wat in Hamburg begin het.

Leo Albin Ballin se mense was Jode, mense wat die skaduwee van Hitler se magte met net-net hul lewens ontvlug het. Op 'n stoomskip het hulle van Hamburg na Rotterdam gevaar, en uiteindelik in Oos-Londen aan wal gestap. Genade het hulle gedra, maar die wonde van 'n vervolgte volk het saam met hulle gereis. In Oos-Londen is Leo gebore. Toe hy twee jaar oud was, is sy ouers geskei, en die kind het uiteindelik in 'n weeshuis beland.

Jesaja het geskryf van 'n Kneg wat "verag en deur die mense verstoot" sou wees, "'n man van lyding en wat pyn geken het" (Jes. 53:3). 'n Seun wat deur sy ouers verlaat is en in 'n weeshuis grootgemaak is, ken iets van daardie verlatenheid. Maar die Here het nooit weggekyk nie. Die God wat die Verlatene self geword het, het ook oor hierdie weeskind geskyn.

Jare later as 'n smous, op pad na Ais-Ais, het Leo se Valiant gebreek. 'n Mens sou kon sê dis net 'n motorpech, maar vir Leo was dit 'n ontmoeting. Langs die pad, in die stilte by 'n gebreekte voertuig, het hy sy hart weer opnuut aan die Here gegee. Hy het Jesus aanvaar as sy Verlosser. Die profeet het dit lank gelede gesê: "Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen het sy eie pad geloop; maar die HERE het ons almal se sonde op hom laat afkom" (Jes. 53:6). Leo het agtergekom: Sy eie pad het tot stilstand gekom, en die Here se pad het begin.

Maar die storie het nog 'n oomblik gehad, 'n heilige oomblik by 'n sterfbed. Leo se pa, uitgeteer en deurdrenk van siekte, het daar gelê. Leo het by hom gesit kom sit, en sy liefde vir Jesus met sy pa gedeel. En daar, in die broosheid van daardie laaste dae, het sy pa se hart oopgegaan.

Dis die plek waar Jesaja ons heen wys:

"Deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (Jes. 53:5).

Nie deur sterkte nie, nie deur prestasie of lang jare van gebed nie, maar deur wonde. Op 'n sterfbed, waar niks meer oor is om te bied nie, is die wonde van die Man van op die Kruis genoeg.



Leo glo dat hy sy pa weer sal sien in die Koninkryk. Wie sal dit durf betwyfel? Die Een wat "soos 'n lam na die slagplek toe gelei word" (Jes. 53:7), het juis gesterf sodat die skeiding tussen vader en seun nie die laaste woord sal wees nie. Die gesin wat deur egskeiding, vlug en verlies uitmekaar gebreek is, word in Christus weer saamgebring.

En so het ons vanoggend om die tafel gesit.

Dit is nie toevallig dat Leo ons ook die nagmaal bedien het nie. 'n Jood wat sy Messias gevind het, wat die wyn eerste uitdeel en dan die brood breek, wys ons dat Jesaja 53 nie net antieke profesie is nie, maar lewende werklikheid. "Oor ons oortredings is hy deurboor, oor ons sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. (Jes. 53:5).

Die brood en die wyn vertel dieselfde storie as Leo s'n: dat ons verlore was, dat iemand anders ons plek ingeneem het, en dat ons nou tuis is.

Dankie, Leo. Dankie vir jou storie, vir jou getuienis, en vir die genade waarmee jy die nagmaal vir ons bedien het. Jy het ons opnuut herinner dat die Here ook gebreekte Valiants, weeshuise en sterfbeddens gebruik om mense huis toe te bring.

"As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik" (Jes. 53:10)





Nuus van André van Niekerk, Rundu

André, ons gemeente se sendeling in Rundu, het aan die einde van September voorbidding gevra vir 'n saamtrek van mans in Rundu.

Sowat 250 mans het dit bygewoon – gretige, goeie sangers, maar sang is beperk tot die begin en einde van die program op elkeen van die 4 dae.



Die geleentheid is gereël omdat die boodskap van redding en hoe 'n mens vir Christus as Verlosser aanneem, nie duidelik in hulle kerke verkondig is nie. "By die saamtrek is daar diep vrae gevra", sê André. Dit was vir hom "wonderlik" om die reaksie te sien.

Die "fantastiese gevolg" was dat mense ingeskryf het vir die opvolgprogramme wat hy aanbied: die leefwyse van 'n Christen, hoe gelowiges deur hulle lewe God moet verheerlik, en hoe hulle 'n anker in die Woord kan vind.

André stuur namens sy bediening, Good News Ministries, groete aan Kogelberg-gemeente.

Uitnodiging na geleentheid oor Boesman-sending:



Ds Andries Gouws van die NGK sinodale kantoor in Windhoek besoek die Gereformeerde Kerk Kleinmond op 28 Oktober om te kom vertel van die werk onder Boesmans in die noordooste van Namibië.

Die foto is van kinders in Omatako na wie daar ook omgesien is tydens 'n uitreik.

Ons **gemeentelede word genooi** om die gesprek by te woon en meer te leer oor die werk onder hierdie oudste bevolkingsgroep in Suider-Afrika.

Volgende week gee die Eerste Gelui meer inligting.

Ete vir nuwe intrekkers

Het jy onlangs nuut ingeskakel
by NG Kerk Kogelberg? Kom kuier saam!



Sondag, 1 November 2026



12:00



Tyd-ruimte, Kleinmondkerk, 4de Laan



Bring asb jou eie borde, eetgerei en
drinkgoed



RSVP voor of op 26 Oktober 2026
by die Kerkkantoor


028 271 3470 of 076 134 7147



Ons sien uit om jou daar te sien!



Eko: Algemene Byeenkoms Dinsdagaand, 13 Oktober



Piet Botha praat oor die Eko-bediening se betrokkenheid by die Strandlopers en ook die Eko-liturgie.



Nols Burger het verslag gedoen oor die herwinning van propies en knippies ten bate van rolstoele.



Gawie Winterbach (regs) oorhandig sertifikate van waardering aan Joke Venter en Grant Cohen vir hul positiewe bydrae tot die omgewing in Kleinmond.



Gasspreker Amy Weber van die Greater Dyer Island Ecosystem.



Patrick Esterhuyzen lewer verslag oor die stand van die Eko-skoonmaakdae.

Eredienswerkers



NG GEMEENTE
KOGELBERG
LIG | DEERNIS | HOOP

Eredienerswerkers

Jy maak 'n
verskil! 

Baie dankie vir jou
passie, toewyding
en **lojaliteit** teenoor die amp
van **eredienerswerker**.



Deur jou vriendelike
verwelkoming by die deur,
die uitdeel van die kerkklok,
bediening van die nagmaal,
opneem van offergawes,
bystand aan besoekers en lidmate
het jy mense laat tuisvoel
in ons gemeente.



**Mag die Here jou
ryklik seën!**



*Alles wat julle doen,
moet met liefde gedoen word.*

1 KORINTIËRS 16:14



NG GEMEENTE
KOGELBERG
LIG | DEERNIS | HOOP





Caritas 2026

WEN!!! WEN!!! WEN!!!
3 Hantam-lammers & R2600
Linne-geskenkbewys

LOOTJIE
R50



**Beskikbaar by 'n
Hangklip/ Kleinmond Dienswerker
of die Kerkkantoor in Kleinmond.**

Sluitingsdatum is Vrydag 27 November



Hangklip Plante



**Het jy leë potte of plantekwekers
wat rondstaan en stof vergader?
Bring dit asseblief na die kerk vir
die Kuierbasaar!**

Vir meer inligting kontak Adele by 074 760 5305



Hangklip

KUIERBASAAR



7 NOVEMBER



09:30

- Pannekoek
- Basaarpoeding
- Hamburgers
- Potjiekos
- Teetuin
- Koek
- Beskuit
- Boereworsrolle
- Plante
- Boeke
- Vintage items



**PILLANSIAWEG 2
BETTYSBAAI**

Gratis
KOFFIE
&
heerlike
MUSIEK





Hangklip

KUIERBASAAAR



Tuisgebak- en Handwerktafel



ONS BENODIG DIE VOLGENDE
KLAARGEMAAKTE PRODUKTE:

- | | |
|----------------------|---------------------------------|
| 1. Terte | 9. Brownies |
| 2. Kleinkoekies | 10. Ingelegde produkte |
| 3. Beskuit | 11. Soetbroodjies |
| 4. Koeksisters | 12. Klapperys |
| 5. Bevrore etes | 13. Enige handwerk |
| 6. Konfyt | 15. Sappies en klein koeldranke |
| 7. Kolwyntjies | |
| 8. Tuisgebakte brode | 16. ENSOVOORTS! |



Kontak vir JC by

082 410 8141

vir bestanddele en of verpakkingsmateriaal.



Saterdag 17 Oktober

Anelé van Wyk 084 901 4023 (Sb4)
Hilda Kotzé 082 796 5933 (PM5)
Johan Acker 083 320 6562 (KB6)
Pieter van Wyk 072 203 1799 (KB1)
Yolandé Hansen 083 660 8401 (Sc3)

Sondag 18 Oktober

Caroline Meyer 083 419 4982 (Bb1)
Heinrich Nieuwenhuis (Bb3)
Marlise Mantell 082 553 5848 (PB1)

Maandag 19 Oktober

Christine Dreyer 082 202 2395 (KP2)

Dinsdag 20 Oktober

Bremer Gericke 073 211 2130 (Sa1)
Daleen Engelbrecht 082 701 6681 (Bb2)
Hanlie van der Merwe 082 931 4336 (Bb2)
Leopold van Huyssteen 082 707 0676 (BB4)
Rosa du Plooy 073 145 1543 (Bb3)

Veels geluk...

Woensdag 21 Oktober

Carlo van Rensburg 082 840 8148 (Sa2)
Guillaume Oberholzer 083 296 5774 (BB2)
Jan Jonker 082 496 6561 (Sa3)
Jansie Engelbrecht 072 460 2689 (Sa4)
Lee Ludick 079 535 6841 (PM1)
Leon van Rooyen 083 356 1174 (KB2)
Pieter Viljoen 084 245 1486 (Bb1)

Donderdag 22 Oktober

Braam Buys (KB2)
Era van den Berg 083 302 9336 (BB6)
Jaco van Niekerk 073 614 2325 (KB2)
Johanna Conradie 084 508 2025 (PM3)
Marina Müller 082 625 9278 (PM5)
San-Mari de Reuck (BB2)

Vrydag 23 Oktober

Elen Cawood 082 403 8905 (BB4)
Gerrie Reitsma 083 626 6963 (Sb1)
Handrie Miller (BB4)
Jan Olivier 082 495 4320 (PB3)
Johan Bornman 074 217 2063 (BB5)
Margareth Maurer 082 853 5963 (KB3)
Willie Groenewald 083 629 1662 (KP1)
Yvonne De La Rey 083 287 3973 (Sb2)



GROEPGESPREKKE VIR 19-23 OKTOBER 2026

1. Gesels bietjie saam...

- Ons almal dra verskillende “merke” of beelde van ons lewensverhaal saam. Party dinge herinner ons aan mense, plekke of belangrike oomblikke.
- Gesels saam:
 - Watter mens het deur die jare ’n besondere invloed op jou geloofslewe gehad?
 - Watter herinnering uit jou eie geloofsreis is vir jou besonders kosbaar?
 - As jy aan NG Kogelberg dink, watter een woord beskryf vir jou wat hierdie gemeente beteken?

2. Ons storie nou...

- ’n Verjaarsdag gee ons die geleentheid om terug te kyk én vorentoe te kyk. Ons kan terugkyk en sê: “Here, dankie vir alles wat U deur hierdie gemeente gedoen het.”
- Maar ons kan ook vra: “Here, wat wil U nog deur ons doen?”
- Gesels saam:
 - Waarin sien julle dat God deur die jare in ons gemeente gewerk het?
 - Watter gawes en sterkpunte sien julle tans in ons gemeente?
 - Waar dink julle moet ons as gemeente nog groei om werklik te floreer?
 - Wie is die mense in ons gemeenskap wat dalk nog nie ervaar dat daar vir hulle plek by God en in die kerk is nie?
- Om te floreer beteken nie noodwendig om groter te word nie. Dit beteken om diep in God gewortel te wees en sy vrug te dra. Wat sou dit prakties beteken as NG Kogelberg in die volgende jaar meer sigbaar God se beeld dra?

3. God se storie...

- Lees Matteus 22:15-22 weer saam
- Lees ook:
 - Genesis 1:26-27
 - 1 Korintiërs 6:19-20
 - 1 Petrus 1:18-19
- Gesels saam:
 - Wat beteken dit vir jou persoonlik dat jy God se beeld dra?
 - Wat beteken dit om te sê: “Ek behoort aan God”?
 - Wat verander wanneer ons besef dat ons hele lewe aan God behoort?
 - Hoe behoort iemand wat God se beeld dra, teenoor ander mense op te tree?

4. Hoe die Bybel ons storie verander...

- Wanneer ons sê: “Ons behoort aan God,” verander dit die manier waarop ons na die gemeente kyk. Ons is nie die eienaars van die kerk nie. Ons is rentmeesters van wat God aan ons toevertrou. Dit beïnvloed:
 - Ons tyd - Waarvoor maak ek tyd as iemand wat aan God behoort?
 - Ons gawes - Watter gawes het God vir my gegee waarmee ek ander kan dien?
 - Ons verhoudings - Hoe kan mense iets van God se beeld in my manier van praat, luister, vergewe en liefhê raaksien?
 - Ons gemeente - Hoe kan ek help om NG Kogelberg ’n plek te maak waar mense God se liefde ervaar?
- En wat van ons nuwe ouderlinge? Ons het nuwe wyksouderlinge bevestig. ’n Ouderling word nie geroep tot ’n posisie van belangrikheid nie, maar tot ’n bediening van diens. Dieselfde beginsel geld vir elkeen van ons.
- Gesels saam:
 - Wat beteken dit om jouself beskikbaar te stel vir God?
 - Waar kan jy tans meer diensbaar wees binne die gemeente?
 - Hoe kan ons as groepe ons ouderlinge ondersteun en saam met hulle verantwoordelikheid neem?
 - Wat kan ons doen om toe te sien dat mense in ons wyke nie net “lede” is nie, maar werklik geken, gehoor en versorg word?
- By die Nagmaal is ons ook verander:
 - Watter deel van jou lewe vind jy die maklikste om aan God te gee?
 - Watter deel is moeiliker?
 - Waarheen roep God jou dalk om jouself meer beskikbaar te stel?
 - Hoe kan ons as groep mekaar help om meer volledig vir God te leef?
- As NG Kogelberg werklik wil floreer...
 - Wat moet ons méér doen?
 - Wat moet ons minder doen?
 - Wat moet ons begin doen?
 - Wat moet ons dalk ophou doen?

Voltooi hierdie sin: “Ek dink NG Kogelberg sal die volgende jaar meer floreer as ons...”

5. Sluit af met geleentheid vir gebed...

Doen ’n kettinggebed waar elke persoon in die groep net een ding van ons gemeente noem waarvoor hy/sy vir God wil dankie sê.

Bid daarna saam vir:

- 🙏 Dankbaarheid - Vir God se trou deur die geskiedenis van die gemeente.
- 🙏 Ons nuwe ouderlinge - Dat God hulle wysheid, liefde, moed en onderskeiding sal gee.
- 🙏 Ons gemeente - Dat ons nie bloot sal probeer oorleef nie, maar werklik sal floreer.
- 🙏 Ons gemeenskap - Vir mense wat alleen, seer, onseker of ver van God voel.
- 🙏 Ons eie lewe - Dat ons elke dag sal onthou: “Ek behoort aan God. Ek dra sy beeld.”

6. Lees verder saam die week...

- Maandag - Matteus 22:15-22
- Dinsdag - Psalm 1
- Woensdag - Deuteronomium 34:1-12
- Donderdag - 1 Tessalonisense 2:1-8
- Vrydag - Matteus 22:34-46